Elna Mouton word eerste vrouedekaan

Prof Elna Mouton, 'n Nuwe Testament-kenner het op 1 April vanjaar die eerste vroulike dekaan van 'n fakulteit aan die Universiteit Stellenbosch geword.
Sy het oorgeneem by prof Daniël Louw (sien artikel hiernaas) wat einde Maart afgetree het.

Foto: Vroulike hand vir Teologie. Prof Elna Mouton, eerste vrouedekaan aan die US, saam met die uittredende dekaan van die Fakulteit Teologie, prof Daniël Louw (links) en prof Chris Brink, rektor en visekanselier.

Prof Mouton is op Ceres gebore waar sy grootgeword het en aan die Hoërskool Charlie Hofmeyr gematrikuleer het.

Ná voltooiing van haar voorgraadse studie in Lettere aan die Universiteit Stellenbosch en die Hugenote Kollege (Wellington), begin sy in 1975 haar loopbaan as kerklik-maatskaplike werker in die destydse Nederduits Gereformeerde Kerk in Afrika (tans die Verenigende Gereformeerde Kerk) se gemeente Canzibe in Transkei. Daarná is sy vir 10 jaar betrokke by verskeie bedieninge van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Oos-Kaapland — eers as kerklik-maatskaplike werker vir Bedryfs- en Livingstonehospitaal-bediening in Port Elizabeth, en daarna as hoof uitvoerende beampte van die sinode se Vroueaksie. Intussen verwerf sy die grade HonsBA (Bybelkunde) *cum laude* aan die Universiteit Stellenbosch en haar MA-graad (Nuwe Testament) *cum laude* aan die Universiteit van Port Elizabeth (tans die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit). In 1995 behaal sy 'n DTh-graad aan die Universiteit van Wes-Kaapland onder leiding van professore Bernard Lategan en Dirkie Smit.

Vanaf 1990 doseer Elna vir 10 jaar Nuwe Testamentiese vakke in die Departement Bybel- en Godsdienskunde (Fakulteit Lettere en Wysbegeerte) aan die Universiteit van Port Elizabeth. In 2000 word sy benoem as eerste voltydse vroulike dosent aan die Fakulteit Teologie op Stellenbosch. Sy sien die begeleiding van studente in die geloofwaardige vertolking van die Nuwe Testament as die kern van haar taak: "Ek wil studente help om die Bybel genuanseerd te ontsluit as God se gesagvolle woorde van bevryding en heling vir *álmal*. Daarvoor moet ons leer om fyn te *luister* — na die Gees van God, die bybelse tekste, na mekaar én ons omgewing."

Haar spesialiteitsrigting binne die Nuwe Testament is die brief aan die Efesiërs. Sy is geïnteresseerd in die verantwoordelike gebruik en lewensveranderende krag van die Nuwe Testament vir die prediking, pastoraat en die Christelike lewe van elke dag — veral met betrekking tot geregtigheid teenoor vroue en kinders in kerk-, gesins- en samelewingsverband.

Sy dien op verskeie kerklike kommissies en tree gereeld as geleentheidspreker by verskillende kerke op. Sy het verskeie akademiese artikels en hoofstukke in boeke nasionaal en internasionaal gepubliseer, asook bydraes tot populêre bundels en tydskrifte gelewer. Haar doktorale proefskrif, "Reading a New Testament document ethically", is in 2002 gesamentlik deur die Society of Biblical Literature (Atlanta) en Brill (Leiden) gepubliseer.

Daniël Louw tree af as dekaan by Teologie

Die US het vroeër vanjaar afskeid geneem van prof Daniël Louw wat as dekaan van die Fakulteit Teologie afgetree het. Prof Louw het in sy loobaan nie minder nie as 24 boeke gepubliseer, 35 bydraes en hoofstukke in ander gepubliseerde werke gelewer, 53 vaktydskrifartikels geskryf, 5 referate op internasionale kongresse gelewer en 2 werke vertaal. Hy het ook as promotor opgetree vir 114 M-skripsies en 22 D-skripsies.

Hy het al sy grade aan die US verwerf – BA (Adm) cum laude in 1965, BA (Honn Filosofie) cum laude in Maart 1967, BTh cum laude in 1968, MA (Filosofie) cum laude in 1968, sy Lisensiaat in Teologie cum laude in 1967, sy DPhil in 1972 (in die tydperk studeer hy ook as ingeskrewe student aan die Universiteit van Tübingen Wes-Duitsland) en sy DTh in 1982.

Hy het as predikant gedien van die NG gemeentes Wynberg en Stellenberg. Tussen 1975 en 1978 was hy 'n deeltydse dosent aan die US en is in 1978 as dosent in die Departement Diakoniologie aangestel. Tussen 1990 en 1994 was hy 'n mede-professor aan die US. In 1995 word hy Professor en Hoof van die Departement Praktiese Teologie & Missiologie en in 2001 die Dekaan van die Fakulteit Teologie. Hy het veral die intensiewe toegespitsde kursus in pastoraal-kliniese teologie ontwerp en suksesvol uitgebou tot 'n erkende akademiese dissipline binne die teologie.

Prof Louw het verskeie toekennings verwerf en is 'n lid van talle komitees en professionele liggame binne die US en ook in vakverband. Dit dien veral gemeld te word dat hy by sy aftrede steeds die president van die Internasionale Praktiese Teologiese Werksgemeenskap is.

■ *Prof Louw is as Professor in Pastoraat vir 'n driejaar kontrakpos aangestel.*

Stellenbossers kan rustig word in Teologie se kapel

Die Fakulteit Teologie spog met 'n nuwe kapel – die Sol Iustitiae-kapel. Die naam is afgelei van die Fakulteite se leuse *sol iustitiae illustra nos*. Dié leuse verskyn ook op die gewel van die teologie-gebou en kom ook voor in die leuse van die Rijksuniversiteit in Utrecht Nederland. Dit is 'n droom van prof Daniël Louw, wat bewaarheid is deurdat hy self die projek gedryf en bestuur het gedurende sy ampstermyn as dekaan.

Die leuse verwys na Mal 4:2 ("die son van geregtigheid sal opgaan en daar sal genesing onder sy vleuels wees') en is ook 'n gebed waarin gevra word dat die geregtigheid soos 'n sonskyf die geloofsgemeenskap sal bestraal.

Tans gee die leuse uitdrukking aan die transformasie van die fakulteit vanaf 'n eksklusief denominasionele fakulteit na 'n inklusief, ekumeniese fakulteit waarby verskillende denominasies betrokke is en wat gestalte gee aan diversiteit van ras, geslag, taal en kultuur, geprofileer deur die heil en geregtigheid van God se trou en beloftes.

Binne in die kapel is daar 'n aantal items aangebring wat dien as simbole. Die hele idee van die ontwerp van die kapel was om 'n Afrika gevoel te skep. Die kleure is aards en vertolk die gebondenheid van ons mense tot die skepping, grond en die aarde.

'n Skildery met die opstanding as tema aksentueer die geloofswaarheid dat die opstanding gelowiges opstandig maak teen onreg en lyding veral as dit mense se waardigheid aantas, 'n klip-struktuur wat 'n kruis voorstel of 'n gebreekte liggaam bring die tema van God se weerloosheid na vore, 'n kandelaar met 12 kerse simboliseer die verbond en die verhouding van God met sy volk, die kerk, terwyl die twee klipkanne met water 'n aanduiding is van die heilsfeit dat die doop ons heg aan die genade wat in oorvloed ons gebied word in Christus. Hy het gekom sodat ons lewe kan hê en dit in oorvloed.

Die bouwerk van die kapel, geleë binne die nuwe aangeboude gedeelte wat die argief van die NG Kerk huisves, is moontlik gemaak deur skenkinge van die Universiteit, die NG Kerk en verskeie donateurs. Die kapel is elke dag oop vir die publiek en kan ook gehuur word vir troues en ander geleenthede. 'n Perseelkaart is aangebring op die voorhek van die Fakulteitsgronde om geredelik toegang te verleen aan besoekers.

Landbou se naam word hoog gehou in die buiteland

Marc de Beer

'n Oud-student en 'n oud-dosent van die Fakulteit Landbou- en Bosbouwetenskappe het onlangs besondere toekennings gekry en so dié fakulteit se naam hoog gehou in die buiteland.

'n Besondere eer het Marc de Beer, 'n voormalige student van die fakulteit, te beurt geval toe hy genooi is om 'n lid te word van 'n gesaghebbende akademiese vereniging in Amerika, PHI KAPPE PHI. Dit is 'n ere-vereniging vir die top 7,5% nagraadse studente in alle dissiplines regoor die VSA.

Marc het in 2001 die AFMA (Vereniging van Veevoervervaardigers) prys ontvang vir die beste finalejaarstudent in Dierevoeding aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit nadat hy sy BScAgric-graad *cum laude* aan die US behaal het. Hy het ook sy meestersgraad *cum laude* in die Departement Veekundige Wetenskappe aan die US behaal. Hy is tans besig met sy doktorale studies aan die Universiteit van Arkansas in Amerika nadat hulle hom 'n studiebeurs aangebied het. Sy navorsing handel oor die voeding van braaihoenders.

Prof Pedro Crous, voormalige dosent van en tans buitengewone professor in die Departement Plantpatologie, is met die hoogste wetenskaplike eer wat deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Plantpatoloë toegeken kán word, vereer. Hy is tans direkteur van die Sentrale Buro vir Skimmelkultuur in Nederland.

Tydens die onlangse 43ste jaarlikse kongres van die Vereniging is die Christiaan Hendrik Persoon-medalje aan hom toegeken. Dit is nog net drie maal vantevore toegeken. Prof Crous is wêreldbekend vir sy navorsing op swamme wat op plante groei.

Prof Pedro Crous (links) saam met die ander twee swamkundiges wat al die Persoon-medalje ontvang het, MJ Wingfield (middel) en WFO Marasas.